SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

DEPARTEMENT FINANSIËLE REKENINGKUNDE

REKENINGKUNDE KURSUS FAC1502

STUDIEBRIEF 202 VIR FAC1502

OPLOSSING WERKOPDRAG 02/2/2011

(TWEEDE SEMESTER)

Geagte Student

Ingesluit die oplossing tot werkopdrag 02/2/2011.

Dit is in u eie belang om elke werkopdrag aan die hand van die oplossing en u geskrewe antwoord deur te werk.

Verwys na paragraaf 7 in studiebrief 101/3/2011 vir verdere inligting oor die eksamen. Die eksamenvraestel bestaan slegs uit “lang-vrae” wat in twee ure beantwoord moet word.

TELEFOONNOMMERS

Vervang asseblief die telefoonnommers gelys in paragraaf 3.1 van Studiebrief 101/3/2011 met die volgende nommer:

◆ **Die telefoonnommer toegewys aan FAC1502 is 012 429 4245.**

Prof D Scott
Me A du Plessis
Mnr P Maraisane
Me KA Nkome
Mnr D von Well
Me JHJ Coetzee (Sekretaresse)

NEEM ASSEBLIEF KENNIS

Ons is weeksdae van 08:00 tot 16:00 vir telefoonnavrae beskikbaar.

BYLAAG A: EKSAMENINLIGTING

BYLAAG B: OPLOSSING VIR WERKOPDRAG 02/2/2011
(TWEEDE SEMESTER)

BYLAAG A: EKSAMENINLIGTING (WENKE)

A. U eksamenvraestel sal met die volgende inligting en/of opdragte begin:

Gebruik van ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar word toegelaat.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

1. Maak seker dat u die korrekte vraestel skryf (FAC1502).
2. Maak seker dat u die regte eksamenantwoordboek (BLOU) van die opsiener ontvang.
3. Alle vrae moet beantwoord word.
4. Basiese berekeninge moet, waar toepaslik, getoon word.
5. Elke vraag wat beantwoord word, moet op ‘n nuwe (volgende skoon) bladsy begin word.
6. Moet asseblief nie die vraestel in potlood beantwoord nie.

B. 1. Doen berekeninge in die eksamenantwoordboek (nie op die vraestel nie).

2. Vrae hoef nie in nommervolgorde beantwoord te word nie.
3. Die eksamenskrif bestaan uit 12 bladsye. Elke bladsy sal drie bedragkolomme aan die regterkant bevat. Indien u nie die kolomme wil of kan gebruik nie mag u, u eie kolomme trek of T-rekeninge op die bladsy opstel en dus die gedrukte kolomme ignoreer. U mag wel ook die boek oopmaak en oor twee bladsye, linker (Dt-kant) en regter (Kt-kant), werk.

   Maak seker dat u **aandui** wat word gedebiteer en wat word gekrediteer. Indien u die debiet- en kredietkante omruil sal u geen punte kry nie. Maak dus seker dat u weet wat gedebiteer en wat gekrediteer moet word.
4. Waar dit van u gevra word om een van die kontantjoernale (KOJ of KBJ) op te stel, gebruik ‘n dubbelbladsy (bv bladsy 2 en 3) om die joernaal op te stel. Gebruik die gegewe kolomme wat sal verhoed dat u tyd mors om verskeie kolomme te trek.
5. Verseker dat u die korrekte formaat van die Staat van omvattende inkomste, Staat van finansiële posisie en Staat van veranderinge in ekwiteit, toepas.
6. **LET WEL**:
   Doen u berekeninge op die bladsy teenoor u werklike antwoorde. Punte word soms vir berekeninge toegeken.
7. Begin asseblief elke vraag op ‘n nuwe (skoon) bladsy. Basiese berekeninge, waar toepaslik, moet getoon word.
8. Die vraestel bestaan uit VIER (4) vrae.

BYLAAG B: OPLOSSING WERKOPDRAG 02/2/2011
(TWEEDE SEMESTER)

1. Keuse 4. R52 500

Berekening:

		R	R
Verkope R(30 000 + 45 000)			75 000
Min:	Koste van verkope		(22 500)
	Openingsvoorraad	15 000	
	Aankope	30 000	
	Sluitingsvoorraad	(22 500)	
Bruto wins			52 500

2. Keuse 3. R1 660 Dt

Kommentaar:

Kontantontvangstejoernaal - Oktober 2010

Datum	Besonderhede	Fol	Diverse	Kontant-verkope	Bank
			R	R	R
	Rente ontvang		180		180
	Verkope			1 600	1 600
			180	1 600	1 780

Kontantbetalingsjoernaal - Oktober 2010

Datum	Besonderhede	Fol	Diverse	Kredi-teure	Bank
			R	R	R
	E Wallis			120	120
	Huur betaal		100		100
	E Wallis			100	100
			100	220	320

Algemene Grootboek
Bank

Datum	Besonderhede	Fol	R	Datum	Besonderhede	Fol	R
2010				2010			
Okt	Saldo	a/b	200	Okt	Totale betalings		320
	Totale ontvangste		1 780		Saldo	o/d	1 660
			1 980				1 980
Nov	Saldo	a/b	1 660				

3. Keuse 4. R1 160

Kommentaar:

Aankoopjoernaal - Februarie 2011

Dok	Datum	Besonderhede	Fol	Aankope	Krediteure
				R	R
	3	Unirama Groothandelaars		560	560
	3	Sarama Handelaars		600	600
				1 160	1 160

4. Keuse 3. R12 040

Kommentaar:

Debiteurekontrole

		R		R
Saldo (potlood)	a/b	11 800	Bank (verkeerde ontleding) *	5
Verkope (verkoopsjoernaal te min opgetel) *		100	Saldo o/d	11 904
Verkope (faktuur verkeerdelik aangeteken as R101 in plaas van R110) *		9		
		11 909		11 909
Saldo	a/b	11 904		

* Die regstellings sou in die hulpjoernale gedoen gewees het. Gevolglik sou die oorboekings korrek gewees het.

Die rekonsiliasie van die kontrolerekening se saldo met die totaal van die lys van individuele debiteuresaldo's sou as volg gewees het:

	R
Totale debietsaldo soos per die lys van individuele debiteuresaldo's #	12 040
Min: Totale kredietsaldo's soos per die lys van individuele debiteuresaldo's	136
Dus debietsaldo soos per debiteurekontrolerekening	11 904

\# In hierdie geval was dit die onbekende syfer wat bereken moes word deur R11 904 en R136 bymekaar te tel.

Hou in gedagte dat die kontrolerekening kan nooit twee saldo's gelyktydig toon nie. Met die rekonsiliasie van die kontrolerekening se saldo met die totaal van die lys van individuele debiteuresaldo's sal die individuele debiteurerekeninge met kredietsaldo's soos hierbo hanteer word. Kredietsaldo's op individuele debiteurerekeninge kan nooit as sulks afgebring word op die kontrolerekening nie.

Item 2 sal ook ‘n verdere korreksie verlang op die persoonlike rekening van die betrokke debiteur en dus ook op die lys van individuele debiteuresaldo’s.

Item 3 het geen invloed op die kontrolerekening nie, omdat dit korrek aangeteken is in die hulpjoernaal. Die fout is gemaak met die oorboeking na die persoonlike rekening van die debiteur. Die korreksie moet dus gemaak word in die persoonlike rekening van die debiteur en ook op die lys van individuele debiteuresaldo’s.

5. Keuse 4. R16 793

Kommentaar:

Debiteurekontrole

2011			R	2011			R
Jun 30	Potloodsaldo	a/b	16 244	Jun 30	Saldo	o/d	16 793
	Verkope (R3 917 - R3 467)		450				
	Rente ontvang (korreksie van fout)		54				
	Rente ontvang		45				
			16 793				16 793
Jul 1	Saldo	a/b	16 793				

Item (a) geld slegs vir die individuele rekening van debiteur R Sales en sal dus nie die debiteurekontrolerekening affekteer nie.

6. Keuse 3. R 7 425

Berekening:

Debiteurekontrole

2011			R	2011			R
Mar 1	Saldo	a/b	13 350	Mar 31	Bank		14 700
31	Bank (tjeks dis-honoreer)		270		Ontvangwissels		3 300
	Verkope		11 730		Joernaal krediete		75
	Joernaal debiete		150		Saldo	o/d	7 425
			25 500				25 500
Apr 1	Saldo	a/b	7 425				

Gebruik slegs die totale van hulpjoernale wat spesifiek met debiteure verband hou.

7. Keuse 2. R2 400

Berekening:

Boutique Magda

		R			R
Saldo	a/b	4 000	Bank		4 000
Verkope		3 300	Verkoopterugsendings		300
Verkope		2 400	Bank en vereffeningskorting toegestaan		3 000
			Saldo	o/d	2 400
		9 700			9 700
Saldo	a/b	2 400			

8. Keuse 1. 33,3%

Berekening:

	R	R
Voorraad - 29 Februarie 2010	25 000	
Plus: Aankope (R275 000 - R50 000)	225 000	
Doeane en invoerbelastings	5 000	255 000
Min: Voorraad - 28 Februarie 2011		55 000
Koste van verkope		200 000
Bruto wins		100 000
Verkope		300 000

Brutowinspersentasie op verkope = R100 000 ÷ R300 000 x 100
= 33,3%

9. Hierdie vraag is uitgesluit van die merkproses as gevolg van die feit dat daar foute was met die opsies. Met die korreksies aangebring, is die oplossing Keuse 3:

No.	Itembeskrywing	Staat van omvattende inkomste		Na-afsluitingsproefbalans	
		Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
		R	R	R	R
3	Kredietverliese	725			
	Toelaag vir kredietverliese				625
	Debiteure			12 500	

Kommentaar:

Die rekeninge betrokke sal as volg in die algemene grootboek verskyn:

Kredietverliese

2011			R	2011		R
Feb 28	Totaal	a/b	500	Feb 28	Toelaag vir krediet-	
	Debiteurekontrole		300		verliese	75
					Wins of verlies	725
			800			800

Toelaag vir kredietverliese

2011			R	2011			R
Feb 28	Kredietverliese		75	Feb 28	Saldo	a/b	700
	Saldo	o/d	625				
			700				700
				Mar 1	Saldo	a/b	625

Debiteurekontrole

2011			R	2011			R
Feb 28	Saldo	a/b	12 800	Feb 28	Kredietverliese		300
					Saldo	o/d	12 500
			12 800				12 800
Mar 1	Saldo	a/b	12 500				

Berekening van die toelaag vir kredietverliese soos op 28 Februarie 2011:

Debiteure (netto) (R12 800 - R300) = R12 500
5% van R12 500 = R625

Die saldo van die toelaag vir kredietverliese moet dus aangepas word na R625.

10. Hierdie vraag is uitgesluit van die merkproses as gevolg van die feit dat daar ‘n fout was met die bewoording in die Afrikaanse werkopdrag oor die waardasie van die voorraad – winsopslag op kosprys is 25%. Die oplossing is Keuse 4. R16 000

Berekening:

Handelsrekening

		R		R
Openingsvoorraad		20 000	Verkope	37 500
Aankope		25 000	Sluitingsvoorraad	* 16 000
Vervoerkoste op aankope		1 000		
Bruto wins	(1)	7 500		
		53 500		53 500

(1) Kosprys	=	100%
Winsopslag	=	25%
Verkoopprys	=	125%
Bruto wins	=	25 x 37 500 ÷ 125
	=	R7 500

* Balanserende syfer

11. Keuse 2. R912 (gunstig)

Kommentaar:

Aanvullende kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2011 (sonder ontledingskolomme)

Dokno	Dag	Besonderhede	Bank
			R
	28	Bankkoste	20
		Lone (R120 - R102)	18
			38

Bank

Datum	Besonderhede	Fol	R	Datum	Besonderhede	Fol	R
28	Saldo	a/b	1 050	28	Totale betalings	KBJ	38
					Saldo	o/d	1 012
			1 050				1 050
1	Saldo	a/b	1 012				

Bankrekonsiliasiestaat soos op 28 Februarie 2011

	Dt	Kt
	R	R
Saldo per bankstaat *		912
Tjek verkeerdelik gedebiteer deur die bank		150
Tjeks nog nie aangebied aan die bank vir betaling	250	
Deposito nog nie aangeteken deur die bank		200
Saldo per bankrekening in grootboek	1 012	
	1 262	1 262

* Balanserende syfer

Alternatiewe metode:

Bankrekonsiliasiestaat soos op 28 Februarie 2011

	R
Gunstige saldo soos per bankrekening in die grootboek	1 012
Plus: Tjeks nog nie aangebied aan die bank vir betaling	250
	1 262
Min: Tjek verkeerdelik gedebiteer deur die bank	150
	1 112
Min: Deposito nog nie aangeteken deur die bank	200
Gunstige saldo soos per bankstaat	912

12. Keuse 3. R18 750

Berekening:

			R
Koste van verkope:	Groothandelaars	100 ÷ 150 x 450 000	300 000
	Kleinhandelaars	100 ÷ 200 x 187 500	93 750
			393 750

	R
Openingsvoorraad	97 500
Aankope	300 000
Vervoerkoste op aankope	15 000
	412 500
Min: Koste van verkope	393 750
Sluitingsvoorraad	18 750

13. Keuse 2. R3 398

Berekening:

		R
1/4/2009	Kosprys	30 000,00
28/2/2010	Waardevermindering R30 000 x 25 ÷ 100 x 11 ÷ 12	6 875,00
1/3/2010	Drabedrag	23 125,00
28/2/2011	Waardevermindering R23 125 x 25 ÷ 100	5 781,25
1/3/2011	Drabedrag	17 343,75
30/6/2011	Waardevermindering R17 343,75 x 25 ÷ 100 x 4 ÷ 12	1 445,31
	Drabedrag	15 898,44
	Verkoopprys	12 500,00
	Verlies met verkoop	3 398,44

14. Keuse 3:

	Motorvoertuig teen koste rekening		Opgelope waarde-vermindering rekening		Lopende waarde-vermindering rekening	
	Dt	Kt	Dt	Kt	Dt	Kt
	R	R	R	R	R	R
3.	8 000	-	-	400	400	-

Kommentaar:

Die berekening van waardevermindering is as volg:

R8 000 x 10% x 6 ÷ 12 maande = R400

15. Keuse 4. R1 110 (gunstig)

Berekening:

Bankrekonsiliasiestaat soos op 30 April 2011

	Dt	Kt
	R	R
Saldo per bankstaat		468
Uitstaande deposito		1 080
Uitstaande tjeks (R158 + R280)	438	
Saldo per bankrekening *	1 110	
	1 548	1 548

* Balanserende syfer (Tjekno. 1001 is ouer as ses maande en het dus verjaar)

16. Keuse 1. R71 875

Kommentaar:

		R
Voertuig 1:	1/3/2009 - 28/2/2010 = 25% x 160 000	40 000
	1/3/2010 - 28/2/2011 = 25% x (160 000 - 40 000)	30 000
Voertuig 2:	1/9/2009 - 28/2/2010 = 25% x 6 ÷12 x 140 000	17 500
	1/3/2010 - 28/2/2011 = 25% x (140 000 - 17 500)	30 625
Voertuig 3:	1/9/2010 - 1/12/2010 = 25% x 180 000 x 3 ÷ 12	11 250

Totaal 28/2/2011 = R30 000 + R30 625 + R11 250
= R71 875

17. Keuse 2. R11 000

Berekening:

Eerstens bereken die totale aankope vir die jaar as volg:

(i) Berekening van bruto wins:

40% x 50 000	=	R20 000
Koste van verkope	=	R50 000 - R20 000
	=	R30 000

(ii) Berekening van kredietaankope:

	R
Koste van verkope	30 000
Plus: Sluitingsvoorraad	10 000
Beskikbaar vir verkoop	40 000
Min: Openingsvoorraad	15 000
Totale aankope	25 000
Min: Kontantaankope	10 000
Kredietaankope	15 000

(iii) Met die opstel van die krediteurekontrolerekening vanaf die beskikbare inligting, kan ‘n mens nou die betalings aan krediteure bereken.

Krediteurekontrole

		R			R
Bank *		11 000	Saldo	a/b	6 000
Saldo	o/d	10 000	Aankope		15 000
		21 000			21 000
			Saldo	a/b	10 000

* Balanserende syfer

18. Keuse 3. R650

Kommentaar:

Die rekening, korrek teboekgestel, sal as volg wees:

De Neers Groothandelaars

2011			R	2011			R
Apr 6	Bank	KBJ	575	Apr 1	Saldo	a/b	950
	Vereffeningskorting ontvang	KBJ	25	5	Aankope	AJ	450
9	Bank	KBJ	340	10	Aankope	AJ	300
	Vereffeningskorting ontvang	KBJ	10	28	Aankope	AJ	600
27	Betaalwissels	BJ	250				
30	Bank	KBJ	450				
	Saldo	o/d	650				
			2 300				2 300
				Mei 1	Saldo	a/b	650

Hou in gedagte dat alle inskrywings wat gemaak is in die boeke van Rauvos (Edms) Bpk sou vanaf brondokumente (ekstern of intern) gewees het.

Die transaksies op 27, 28 en 30 April in die rekening van De Neers Groothandelaars, kon nie afgemerk word op die maandelikse staat wat vanaf De Neers Groothandelaars ontvang is nie. Hierdie transaksies sal op die staat vir Mei 2011 verskyn.

Die kwitansie van R400 op die staat kon nie afgemerk word op die rekening van De Neers Groothandelaars nie. Die bedrag behoort op die Maart gedeelte van die rekening afgemerk te wees. Neem kennis dat nadat die R400 afgemerk is, die openingsaldo's op beide die rekening en die staat sal ooreenstem.

Die rede waarom die rekening en die staat nie ooreenstem nie is omdat die rekening was opgestel vanaf die eerste tot die laaste dag van April, terwyl die staat was opgestel vanaf 25 Maart tot 25 April.

19. Keuse 3. R6 285

Krediteurekontrole

2011			R	2011			R
Feb 28	Saldo	o/d	6 285	Feb 1	Saldo	a/b	6 100
				(i) 28	Aankope R(150 - 105)		45
				(ii)	Aankope (optel fout)		100
				(v)	Aankope (weggelaat)		40
			6 285				6 285
				Mar 1	Saldo	a/b	6 285

Kommentaar:

Items (iii) en (iv) het geen invloed op die kontrolerekening nie omdat hulle korrek in die aankoopjoernaal aangeteken is. Hulle sal egter 'n invloed hê op die totaal van die lys van krediteuresaldo's omdat hulle of nie aangeteken is nie, of verkeerdelik oorgeboek is na die persoonlike rekening van die krediteur in die krediteuregrootboek.

20. Keuse 4. R25 000

Berekening:

Ekwiteit soos op 31 Desember 2010

		R	**R**
Eiendom, aanleg en toerusting teen drabedrag			99 000
Debiteure			29 000
Voorraad			23 000
			151 000
Min:	Laste		54 000
	Langtermynlaste	48 000	
	Bankoortrekking	6 000	
			97 000

Ekwiteit soos op 31 Desember 2009

		R	**R**
Eiendom, aanleg en toerusting teen drabedrag			95 000
Debiteure			23 000
Voorraad			12 000
			130 000
Min:	Laste		58 000
	Langtermynlaste	50 000	
	Bankoortrekking	8 000	
			72 000

Wins vir die jaar = R(97 000 – 72 000) = R25 000

©
UNISA 2011